e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

31 Januarie 2013
Jaargang 5 – Uitgawe 46

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Kerkwees in 2013 – 'n perspektief vanuit die NG Kerk

Ek het grootgeword in 'n huis waar Hervormde lidmate van ons gesin se nouste vriende was. Tydens my studies aan Tukkies het ek ook goed bevriend geraak met tokkelokke van Afdeling A. In Weltevredenpark was die Hervormde leraar meer as net 'n kollega, want ons gesinne is vriende en ons seuns het saam besluit om teologie te studeer en is albei nou predikante in ons Kerke. In my huidige opset werk ek ten nouste saam met teologiedosente van die Hervormde Kerk. Een van die groot vreugdes is die studente, vir wie ek besondere waardering het. Hierdie noue bande dien geensins as kwalifikasie om allerhande insigte oor die Hervormde Kerk kwyt te raak nie, maar bevestig tog my diep waardering vir ons nabye familie.

As iemand my sou vra om my indrukke van die Hervormde Kerk vinnig op te som, sal ek ten minste 'n paar dinge graag wil deel: Ek is diep onder die indruk van die intellektuele integriteit en akademiese vaardigheid van leraars en lidmate. Ek sien dit by predikante en studente, maar ervaar ook iets daarvan by vergaderings van ringe en veral ook die Algemene Kerkvergadering. Ek is net so diep onder die indruk van die Kerk se lotsverbondenheid met Afrikaners, veral in die noorde van ons land. Ek dink die geskiedenis is getuie van die Hervormde Kerk se passie om hulle geestelik te versorg en by te staan in moeilike tye. My blootstelling aan toegewyde lidmate het my ook diep onder die indruk gebring van die geweldige bydrae wat stoere Hervormers tot hul plaaslike geloofsgemeenskappe en ook Afrikaners se gemeenskapslewe gemaak het.

Dit lyk vir my of die NG Kerk en Hervormde Kerk in baie opsigte dieselfde soort uitdagings die hoof moet bied: Albei moet gewoond raak om as 'n klein minderheid oor die evangelie te getuig. Albei is besig om in terme van getalle en vermoëns te krimp. Ons moet die nuwe Groot Trek van ons lidmate na stede en voorstede hanteer. In baie plattelandse gemeenskappe gaan daar binnekort net uiters klein NG en Hervormde gemeentes oor wees. Hoe lyk hul pad saam vorentoe? Lidmate in ons Kerke het nog steeds allerhande wroegings in die afskeid van apartheid en die omhelsing van die nuwe werklikhede van Suid-Afrika. Hoe lyk geregtigheid en ware versoening in ons land? Ons wonder almal oor ons noue verbondenheid aan blanke Afrikaanssprekendes en wat dit vir ons kerkwees beteken as ons meer erns maak met die feit dat die kerk van Jesus Christus in haar wese missionaal is. Daar sal diep en ernstig gedink moet word oor die betekenis en praktiese aard van eenheid in die kerk. Die feit dat die Hervormde Kerk se teoloë goed vertroud is met Karl Barth, en die oplewing in nadenke oor die implikasies van die Triniteit vir kerkwees, gaan hierdie proses sekerlik help.

As kind het ek nogal gewonder hoekom ons twee kerke is. Ons Hervormde vriende het baie dieselfde as ons gedink oor godsdiens en kerkwees. Ek was bewus dat eredienste in die Hervormde Kerk so 'n bietjie anders was, maar ook nie juis baie anders nie. Ons het mekaar soms geterg, maar het mekaar altyd as *ons mense* gesien. Dit het dalk veroorsaak dat ek op universiteit my sterk uitgespreek het oor die verdeeldheid tussen die drie Afrikaanse susterkerke, soos ons toe daaroor gepraat het. Ek het selfs groot byeenkomste daaroor gereël en een maal was die hele amfiteater op Tukkies volgepak vir 'n debat tussen die groot kanonne (kerkleiers) van die drie kerke – ongelukkig is daar meer op mekaar geskiet as wat eenheid gebou is. Ek sal ontrou aan lewenslange oortuigings wees as ek nie weer 'n keer 'n pleidooi lewer vir volle eenheid tussen ons twee Kerke nie. Die bestaande ooreenkoms tussen die NG Kerk en Hervormde Kerk lê 'n goeie basis. Ek dink die Protestantse Kerk in Nederland se eenheidsmodel kan ons baie help. Ek dink die evangelie eis dit van ons. Ek dink die werklikhede van ons land maak dit onafwendbaar…



Prof Nelus Niemandt
Voorsitter: Dagbestuur, Algemene Sinodale Kommissie, NG Kerk

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Jasper van der Westhuizen

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

Beroep aanvaar

- **Ds Jasper van der Westhuizen** van Gemeente Vryburg na Gemeente Randfontein Midpark

Vakante standplaas

- **Gemeente Pretoria-Noord** beplan om eersdaags te beroep, en wag aansoeke in van predikante wat in **deeltydse** hoedanigheid in die gemeente kan werk en kan help dat die gemeente 'n **deelsorgstandplaas** kan onderhou. Die gemeente bestaan uit 242 belydende lidmate, waarvan die helfte bo 50 jaar oud is. Die omvang van verantwoordelikhede is onderhandelbaar in die lig van die beperkinge van die deeltydse standplaas. Inligting oor die gemeente en die versorgingspakket is beskikbaar op aanvraag. Navrae kan gerig word aan Erica du Toit by 012 546 6445, en CV's kan gestuur word na **nhkerk@4data.co.za**. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **31 Januarie 2013**.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na **produksie@nhk.co.za**.

- Gedurende die nag van 24 Januarie is **Jan Buys**, broer van Tessa Oppermann van SENTIK en vroeër lidmaat van Gemeente Rooihuiskraal, na 'n kort siekbed oorlede. Hy sou op 4 Februarie 76 gewees het. Hy het skielik agteruitgegaan na die afsterwe van hul moeder in Augustus verlede jaar. Ons innige simpatie gaan aan Tessa en die familie.

- **Ds Wynand Rademeyer** het op 10 Desember 2012 bedank as predikant en lidmaat van die Hervormde Kerk.

- Die lede van die **Eendrachtkring** word herinner aan die **Vrugtefees** van **Donderdag 7 Februarie** by Gemeente Pretoria-Oos. **Bevestig** u bywoning asseblief **teen Vrydag 1 Februarie** by Johanna Steyn, 012 348 2932 of 082 749 3071; of by Petra Badenhorst, 012 348 6464 of 082 820 7419.

- Gemeentes wat **preke op video** opneem, word versoek om dr Frikkie Labuschagne te kontak by 012 322 8885 x256 of **frikkie@nhk.co.za**. Van ons lidmate in die buiteland, onder meer in Nieu-Seeland, het aangedui dat hulle bereid sou wees om sulke opnames aan te koop.

- **ADV se maandblad: *Omgee-in-Aksie***. As jy wil weet wat die Hervormde Kerk doen op die terrein van barmhartigheid, teken in op hierdie maandblad. Die blad is inspirerend en laat jou besef dat ons Kerk werklik omgee! Klik op die skakel hieronder om in te teken. (En moenie bekommer nie, ons gee nie e-posadresse vir derde partye nie. Glad nie.)
  http://www.diakens.co.za/index.php/adv-kommissie/omgee-in-aksie.html

- **ADV se Jaar vir Persone met Gestremdhede:** Ons praat van *mense met gestremdhede* – nie van *gestremdes* nie. So praat ons byvoorbeeld ook nie van Downs-lyers nie, maar van iemand met Downsindroom.

Aksiegroep Gestremdheid

- **AGB-wenk:** Die wêreldbevolking word ouer, en daar is dus meer bejaardes wat mettertyd hulp nodig het. Let maar op hoeveel ouer persone op 'n Sondagoggend met hulpmiddels die kerk binnekom! Verleen asseblief hulp waar nodig – selfs al word jy nie direk daarvoor gevra nie.

- Die **amptelike opening** van die **Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** vind plaas op **Dinsdag 12 Februarie om 09:00** in die Goddefroy-saal in die Dirk van der Hoffgebou, Pretoria. Die spreker is dr Johannes Banda oor die tema *Die invloed van TV-eredienste op hoofstroomkerke: Hoe moet die uitdaging aangepak word?* Na afloop van die toespraak en die oorhandiging van akademiese pryse word 'n vingerete aangebied. Die Dosentevergadering begin om 10:30. Almal is welkom. Laat weet prof Natie van Wyk by **aim1@mweb.co.za** of 082 448 4759, of mev Clarika Hattingh by **evangelisasie@nhk.co.za** of 012 322 8885 indien u die geleentheid wil bywoon.

- Die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** se **amptelike opening** vind plaas op **Woensdag 20 Februarie** vanaf 10:00 in die kerkgebou van Gemeente Philadelphia. Die erediens sal gelei word deur prof Piet Geyser, en die openingsrede deur dr Jaco Beyers oor die tema *Die roeping van die Kerk.* Vanaf 13:30 sal 'n tafelgesprek oor die tema plaasvind. Almal teenwoordig by die opening is welkom om deel te neem aan die tafelgesprek. Navrae oor en bevestiging van bywoning kan aan mev Betsie Brits gerig word, by 012 420 5393 of **Betsie.brits@up.ac.za**.

- **Ringskommissies** moet asseblief **teen Vrydag 1 Februarie** hul bywoning van die **Inligtings- en Besprekingsvergadering van 13 Februarie** wat by Gemeente Kempton Park-Oos sal plaasvind, bevestig. Kontak mev Karen Breedt by 012 322 8885 x257 of **karen@nhk.co.za**.



- **Uitnodiging: Bydrae vir THT 2013.2.** Hiermee word teoloë, filosowe, sielkundiges en kunstenaars vriendelik uitgenooi om 'n bydrae te lewer tot die volgende uitgawe van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* (THT).
  Tema: Eerste deel (vrae 3-11) van die Heidelbergse Kategismus wat handel oor sonde, 'erfsonde', bose en die 'duiwel'. Die artikel hoef nie spesifiek oor die Kategismus te handel nie. Dit moet egter oor die tema handel.
  Enige vakkundige bydrae sal waardeer word. Ons nooi spesifiek ook lidmate uit wat nie teoloë is nie, om vanuit hul vakgebiede of werkterreine bydraes te lewer. Bydraes kan ook visueel van aard wees. Voorstellings uit die skilderkuns kan byvoorbeeld aangebied word. Die bydrae kan ook in die vorm van 'n gedig of lied wees. Vertalings van klassieke tekste kan ook aangebied word.
  Lengte: 1 500 tot 6 500 woorde. **Sperdatum:** 8 April.
  Voornemende skrywers word versoek om die redaksionele beleid in THT 2013.1 te lees.
  Kontak die redakteur, prof Natie van Wyk, by **aim1@mweb.co.za** of 082 448 4759 vir volledige inligting.

- **Gemeente Goede Hoop** op Piet Plessis wil graag huidige en vorige lidmate en predikante herinner dat die gemeente vanjaar haar **100-jarige bestaan** herdenk. Oor die naweek van **29 November tot 1 Desember 2013** gaan die fees 'n hoogtepunt bereik; daar sal basaar gehou word met sanger Pieter Smit, daar sal Nagmaal gebruik word en 'n hoeksteen sal opgerig word op die fondasie van die eerste sinksaaltjie. 'n **Gedenkalbum** is ook in wording. Prof Hennie van der Westhuizen, lidmaat en oudpredikant van die gemeente, stel dit saam. Persone wat die gedenkalbum wil bestel (die prys sal later bekend wees), kan ds Arno Nieuwhof kontak by 073 240 6030 of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad.

- **Gemeente Benoryn** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Stuur aansoeke na die gemeentelike kerkkantoor vir aandag Annette: **benoryn@telkomsa.net** / 011 849 1179; of ds Marlize Gasson: **dominee@vodamail.co.za** / 011 849 3266 / 072 117 0317.

- **Gemeente Wonderboom** beskik oor ’n vakature vir ’n orrelis. Kontak die skriba, Pieter Mulder, by 012 567 2975 of **wboom@nhk.co.za**.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 8 Februarie, en word hartlik geluk gewens.**

  - Vrydag 1 Februarie: Di Fanie Naudé (emeritus) en Andries Nel (emeritus)
  - Sondag 3 Februarie: Ds Tinus Mc Donald (siekte-emeritaat)
  - Dinsdag 5 Februarie: Ds Lisa-Mari Swanepoel (Sasolburg-Suid)
  - Woensdag 6 Februarie: Di Andorette Hill-Jowett (siekte-emeritaat) en Johan Holtzhausen (beroepafwagtend)
  - Vrydag 8 Februarie: Ds Jakkals Janse van Rensburg (Paarl)

Beplande vergaderings

- Saterdag 2 Februarie: Kommissie van die ADV
- Dinsdag 5 Februarie: Komitee vir die Kerkargief en Biblioteek
  NHSV Beurs- en Leningskomitee
- Woensdag 6 Februarie: Dagbestuur van die Kinderhuise
- Donderdag 7 Februarie: Komitee vir die SP Engelbrecht-museum
- Vrydag 8 Februarie: Moderamen
- Maandag 11 Februarie: Raad vir SENTIK

Kursusse en toerusting

- **AGB/RDV-byeenkoms: 11 Februarie om 10:00: Gemeente Montana-Oos**
  Die RDV van **Noordelike Pretoria** nooi belangstellendes uit om saam te kom gesels oor bejaardesorg in ons gebied. Aan die einde van 2010 het die ADV se werkgroep vir bejaardes besluit dat ons nie meer net oor bejaardes kan praat nie. Daar moet tot aksie oorgegaan word! Ons wil saam besin oor die volgende:
  - Om mense steeds bewus te maak van die nood van bejaardes in gemeentes en gemeenskappe en te motiveer om betrokke te raak by hulpverlening aan bejaardes.
  - Om aksies te loods om die bejaardes by te staan as barmhartigheids- of liefdadigheidsdiens.
  - Om bejaardes aan te moedig en te motiveer om steeds by hul gemeenskappe betrokke te bly.
  - Om navorsing te doen oor die ondersteuning van bejaardes sodat hulle so lank moontlik in hul eie tuistes kan bly.
  - Om saam met ander organisasies wat dienste aan bejaardes lewer, te werk.
  - Om persone te help met aftreebeplanning.

  Kontak ds Frikkie van Wyk by 083 625 6788 of **gfvanwyk@nhk.co.za**.

- **UP: Sentrum vir Kontekstuele Bediening: Kortkursus**
  Basiese beginsels van berading
  Eenjaarkursus deur afstandonderrig
  Bywoningsertifikaat na suksesvolle voltooiing
  Studente ontvang studiemateriaal en werkopdragte ná registrasie
  Laat inskrywings sal tot middel-Februarie aanvaar word
  Vereiste: Minimumkwalifikasie van graad 10-sertifikaat
  Vir enigeen wat belangstel in berading of hulpverlening
  of diensbaar wil wees in gemeentes/gemeenskappe
  Koste: R2 200
  Navrae aan dr Johan Nel, 083 400 0267 / **jnel@ufs.ac.za**

Beskikbare behuising

- **Philadelphia Studentegemeente** het **huisvesting** beskikbaar vanaf **Februarie 2013**. Dit is binne stapafstand van die kampus, met veilige parkering. Skakel Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur 'n e-pos na **Philadelphia@nhk.co.za**.

- **Kamerfasiliteit in Huis Riekie Boshoff, Brooklyn**
  Lieflike ruim kamer met gedeelde geriewe vir enkellopende dame
  Hierdie boomryke, rustige omgewing is naby winkelsentrum geleë
  Gereelde sosiale programme
  24-uur-sekuriteit
  Moet bo 55 jaar en nog selfversorgend wees om trappe te klim
  Koste vir kamer R1 800 per maand (sluit krag in)
  Kontak mev Jo-Mari Haarhoff by 012 346 2418

Konserte en feeste

- **Sondag 24 Februarie om 11:00: Gemeente Pretoria-Oos**
  Orrelkonsert met Colin Campbell
  Pragtige 3-manuaal-orrel word vanjaar 40 jaar oud
  Kom vier saam met die gemeente fees!
  Plek: Kerkgebou, hv Dely- en Matroosbergweg, Waterkloof
  Toegang: Gratis
  Navrae aan Pieter van den Berg, 012 991 4930 of 079 497 2647

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2013: 19-21 April**
  Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Sprekers ds Janine Bevolo-Manders en ds Marna Naudé
  R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Kontak Jana Peenze by 083 7345 426 of **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 of **stef1@absamail.co.za**

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 16 Februarie: Gemeente Reitz: Padfietswedren**
  Tydens jaarlikse Reitz BielieMielieFees
  Tydplasing, tipiese Oos-Vrystaatse lang heuwels en skoon vars lug
  maak dit goeie inoefening vir die Cape Argus
  07:00: Tandem 80 km spring weg – R150 per inskrywing
  07:05: 80 km spring weg – R120 per inskrywing
  07:10: 40 km spring weg – R100 per inskrywing
  07:15: 20 km spring weg – R50 per inskrywing
  Ons is 'n klein gemeente en hierdie is ons *basaar* vir die jaar
  Reitz is net 2½ ure se ry vanaf Pretoria/Johannesburg
  Kontak Koos Myburg by 058 863 8402 / 082 700 9266 / **jgmyburg@gmail.com**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**
  Dra by tot die gemeente se boufonds
  SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by
  Fondse word gebruik om die geboue te herstel
  Meer as een SMS is baie welkom
  Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158

- ***Die Christelike Vrou*: Fotokompetisie**
  Oupas, oumas en kleinkinders
  Fokus op interaksie tussen generasies
  Slegs elektroniese inskrywings, geen inskrywingsfooi
  Stuur elke foto apart na **DieChristelikeVrou@gmail.com**
  Noem fotograaf se naam, alle kontakbesonderhede, inligting oor foto
  Sluitingsdatum: 31 Januarie 2013
  Kontak ds Hannelie Botha by 082 923 9439 of **hbotha@bvm.gov.za**

- **Gemeente Bergsig: Vrydag 15 Februarie 14:00 tot 20:00**
  Kunsuitstalling en Kaas-en-wyn-byeenkoms
  In die saal, onder leiding van die diakens
  Werk van plaaslike en gevorderde kunstenaars
  Kerksaal van gemeente, hv Leonide- & Karel Trichardt-straat, Mountain View
  R30 toegang, kinders onder 12 jaar R10
  Navrae aan Neeltjie by 076 428 8142 of Elmarie by 082 377 0747

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vrydag 1 Maart vanaf 19:00**
  Boeredans
  Groblerstraat 19, Sasolburg-Suid se saal
  (Langs Coney Island-sentrum)
  Lewendige boereorkes en DJ met musiek deur die dekades
  Bring eie eet- en drinkgoed
  R40 per persoon
  Bespreek by **nhksasolsuid@matrixnet.co.za**
  of by Elize 083 412 5802 of by Lisa-Mari 083 943 4561

- **Klap-'n-tekkie vir Van Rensburg Monumenttehuis: Saterdag 9 Maart**
  Fonteine, Pretoria
  Vanaf 07:00
  Kontak Elma by 082 954 7955

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000**
  Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
  Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
  Trekking in Oktober 2013
  Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
  by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
  Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Vrydag 1 en Saterdag 2 Februarie: Gemeente Nelspruit**
  Maroela-karnaval 2013
  Vrydag 14:00 tot 22:00
  Saterdag 08:00 tot 22:00
  Terrein van Hoërskool Bergvlam, Nelspruit
  R50 per persoon (vir een of albei dae, kinders onder 12 gratis)
  Navrae en kaartjies: 013 741 1455

ANDER NUUS

- **VERSORGERS EN HUISMOEDERS BENODIG**
  Cluny Farm, sentrum vir volwassenes met intellektuele gestremdhede
  Niewinsgewende organisasie in Kyalami
  Mans en dames tussen 18 en 35 kan aansoek doen

Geldige rybewys noodsaaklik
Stuur CV na **elise@emburst.co.za** of faks na 086 661 5467
Navrae aan Khumo of Ria by 011 702 1690
Besoek **www.clunyfarm.co.za**

- **GEREFORMEERDE KERK OOS-MOOT**
  450 jaar Heidelbergse Kategismus
  Donderdag 14 Maart 16:00 tot 22:00 (aandete en verversings)
  GK Oos-Moot, 31ste Laan 716, Villieria
  Toegang: Deurkollekte; ete moet vooraf bespreek word
  Sprekers: dr Attie Bogaards; dr Victor E d'Assonville;
  prof Jorrie Jordaan; dr Gerard Meijer; ds Erik van Alten
  Gespreksleier: Prof Dolf Britz
  Kontak **gkomkantoor@gmail.com**

- Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** het so pas 'n besondere publikasie, *My eerste Bybel Doen en Leer Boek*, en in Engels *My first Bible Do and Learn Book,* bekend gestel. Die boekie vorm deel van 'n **basiese geletterdheidsprojek** wat veral op voorskoolse kinders en grondfaseleerders gerig is. Die materiaal kan egter vir alle ouderdomsgroepe waar geletterdheid ontbreek, gebruik word. Die boekies is gratis beskikbaar vir gebruik deur skole of groepe wat dit nie kan bekostig nie, maar is ook te koop by die Bybelgenootskap teen slegs R3,50 per eksemplaar. Die Bybelgenootskap is besig om geskikte implementeringsvennote (kerke, organisasies en individue) te werf. Kerke en organisasies wat betrokke is by geletterdheidsprojekte kan gerus met hul naaste Bybelhuis skakel, of 'n e-pos stuur aan **symington@biblesociety.co.za** vir meer inligting.

- **BEELD-KINDERFONDS: VALENTYNSDANS EN DINEE**
  Vrydag 15 Februarie vanaf 19:30
  Union Caterers Utopia Place, Lynnwoodweg, Pretoria
  R440 per persoon, gaste aan tafels van 10-12
  R570 per persoon om by *celebrities* te sit
  Navrae en besprekings: Adrie van Staden, 011 976 2273 / 073 749 2697 /
  info@beeldkinderfonds.co.za

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

AGTERBLAD

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel